INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 7 1 1 3 3 1 7 | Onderwerp nr. 1 5 | Knipsel nr.

Beeld Jg.............. Nr......................... P...1....... Dat....13 NOV 1997....

# WVK verwelkom AHI se voorstel oor Sasria

## Banke steun ook die fonds-plan

Adri Kotze en Jan de Lange

Die voorstel van die Afrikaanse Handelsinstituut dat die bates van die Sasria-fonds aangewend moet word om die slagoffers van apartheid te vergoed, het groot opgewondenheid by die lede van die Waarheid- en Versoeningskommissie gaande gemaak en hulle ontroer, het dr. Alex Boraine, medevoorsitter van die WVK, gister gesê.

Volgens Boraine het hy reeds dié "vrygewige" voorstel, wat hy as die "sleutel tot die toekoms" en as van groot hulp beskryf het, met mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, bespreek.

Die Raad van Suider-Afrikaanse Bankiers (Cosab) gister ook in sy voorlegging aan die WVK se spesiale sitting oor die rol van die sakesektor in die apartheidstydperk sy steun aan dié voorstel toegesê.

Die Sasria-versekeringsfonds is in die vroeë jare negentig in die lewe geroep om oproer teen politieke oproer te verseker en het tans bates van sowat R10 miljard.

Mnr. Theo van Wyk, voormalige president van die AHI, het tydens die AHI se voorlegging gesê Sasria hang in 'n regsvakuum. Dit was die regering se laaste versekering. Hy het nie 'n sent daarvoor betaal nie, maar ook nie 'n sent daarvoor gekry nie.

Sasria is 'n versekeringsfonds wat geoormerk was vir versekering teen politieke risiko's, maar dié politieke risiko is drasties verminder. As dit nou aangewend word om mense se potensiaal te ontsluit en te ontwikkel ten einde toekomstige politieke risiko's te verminder, kom dit waarskynlik die naaste aan die oorspronklike doel daarvan.

"Die regering en die gemeenskap het 'n morele aanspraak op minstens 'n deel daarvan," het Van Wyk gesê.

Volgens hom sal dit balsem op die wonde van die verlede wees, hoewel geld nie kan vergoed vir die ongeregtighede wat gepleeg is nie.

Die klem moet in die toekoms op die verbetering van talente val sodat Suid-Afrika mededingend kan word.

Van Wyk het in reaksie op prof. Sampie Terreblanche se voorstel eergister aan die WVK dat 'n belasting op rykdom gehef word, gesê vergoeding sal by makro-ekonomiese strategieë moet inpas.

Die WVK sal waarskynlik sukkel om skenkings te kry daarvoor.

As die geld van die regering moet kom, kan dit meebring dat minder skole en klinieke gebou word en onderwysers aangestel word. Dit kan meer spanning in die samelewing veroorsaak.

Internasionaal is belasting op welvaart ingewikkeld omdat kapitaal so mobiel geword het.

Die AHI se waarneming is dié belasting sou 'n las op besparings wees, terwyl daar 'n tekort is aan besparings en dit aangemoedig moet word.

Cosab het in sy voorlegging gesê hy steun die voorstel dat die regering die surplus op Sasria aanwend om spesifieke probleme op te los.

"Ons spesifieke aanbeveling is dat 'n fonds uit 'n deel van die surplus geskep word om swak werk aan goedkoop huise reg te maak. Hierdie probleem het baie lyding veroorsaak en ry nuwe ontwikkelings in die wiele."

Cosab het gesê die bankwese het groot berou oor dade of versuim deur sy lede wat bygedra het tot die skade wat aangerig is.

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Boraine AL
3 Kommissie v Waarheid
4 Kommentaar
5 AHI
6 Voorstelle
7 Fondse
8 Sasria
9 Skadevergoeding
10 Verledheid ontwikkeling